Together we stand, better nation we build
Saamstaan ons, beter nasie bou ons

LONGACRES

GIVE, GROEI, PERSISTO

# Blitz Nuus

7 November 2024

Nuusbrief 37






## BLITZ NUUS

Baie geluk aan Vida Geldenhuys en Majesty Masanga, wat in die Platteland tennis toernooi deelgeneem het. Vida het ‘n brons medalje en Majesty het ‘n goue meldalje ontvang. Wel gedaan meisies!



Die skool verdaag elke dag om 12:00 en daar sal ‘n wagklas wees tot 14:00.

# HANDBOEKE 2025

**Bargain Books:**

Ons wil graag onder die ouers se aandag bring dat ons ooreenkoms met Bargain Books verander het. Bargain Books gaan nie meer ons voorraad van die handboeke hanteer nie. Handboeke sal alleenlik bestel word as ‘n deposito betaal is.

**Van Schaik:**

Ons kan ook ons handboeke bestel en koop by Van Schaik in 2024. Hulle sal ook direk by die huis aflewer. Ons heg die skakel aan wat jou direk na Van Schaik se webtuiste sal neem.

**Handboek- en skryfbehoeftelys:**

Lyste is die week aan die leerders gegee en is ook op die Whatsapp groepe geplaas.

# TWEEDEHANDSE HANDBOEKE

Daar sal ‘n geleentheid vir die ouers gegee word om die 2de Desember tweedehandse handboeke te koop en te verkoop.  Klaskamers sal per graad aangewys word vir die koop en verkoop van handboeke vanaf 12:00 tot 14:30.

# TOETSREEKS

Longacres Privaatskool | Private School Langebaan

Posbus 306 Langebaan 7357 | 47 Loop Street LongAcres Langebaan
Tel 022 772 0302 | E-pos: admin@longacresps.co.za | www.longacresps.co.za

## Assesseringsrooster

**Kwrt 4 - 2024** **Graad: ____**

| Week 1 | Maandag | Dinsdag<br>01 Okt | Woensdag<br>02 Okt | Donderdag<br>03 Okt | Vrydag<br>04 Okt |
|---|---|---|---|---|---|
| | | Skool begin<br>Dag 7 | | | |
| **Week 2** | **Maandag<br>07 Okt** | **Dinsdag<br>08 Okt** | **Woensdag<br>09 Okt** | **Donderdag<br>10 Okt** | **Vrydag<br>11 Okt** |
| | | | | | |
| **Week 3** | **Maandag<br>14 Okt** | **Dinsdag<br>15 Okt** | **Woensdag<br>16 Okt** | **Donderdag<br>17 Okt** | **Vrydag<br>18 Okt** |
| | | | | | |
| **Week 4** | **Maandag<br>21 Okt** | **Dinsdag<br>22 Okt** | **Woensdag<br>23 Okt** | **Donderdag<br>24 Okt** | **Vrydag<br>25 Okt** |
| | | | | | |
| **Week 5** | **Maandag<br>28 Okt** | **Dinsdag<br>29 Okt** | **Woensdag<br>30 Okt** | **Donderdag<br>31 Okt** | **Vrydag<br>01 Nov** |
| | | | | | |
| **Week 6** | **Maandag<br>04 Nov** | **Dinsdag<br>05 Nov** | **Woensdag<br>06 Nov** | **Donderdag<br>07 Nov** | **Vrydag<br>08 Nov** |
| | | | Eksamen<br>LO<br>*GR. 7* | Eksamen<br>WISKUNDE 1<br>*GR. 4 - 7* | Eksamen<br>EBW<br>*GR. 7* |

| Week 7 | Maandag<br>11 Nov | Dinsdag<br>12 Nov | Woensdag<br>13 Nov | Donderdag<br>14 Nov | Vrydag<br>15 Nov |
|---|---|---|---|---|---|
| | Eksamen<br><br>SW – GEOGRAFIE<br>*GR. 4 – 7* | Eksamen<br><br>AFR. HT<br>*GR. 4 – 7* | Eksamen<br><br>WISKUNDE 2<br>*GR. 4 - 7* | Eksamen<br><br>ENG. FAL<br>*GR. 4 – 7* | Eksamen<br>NW & T<br>*GR. 4 – 6*<br>NW<br>*GR. 7* |
| **Week 8** | **Maandag<br>18 Nov** | **Dinsdag<br>19 Nov** | **Woensdag<br>20 Nov** | **Donderdag<br>21 Nov** | **Vrydag<br>22 Nov** |
| | Eksamen<br><br>SW - GESKIEDENIS<br>*GR. 4 - 7* | Eksamen<br><br>OOP DAG<br>*GR. 4 - 7* | Eksamen<br>PSW<br>*GR. 4 – 6*<br>TEGNOLOGIE<br>*GR. 7* | Eksamen<br><br>KUNS<br>*GR. 7* | Eksamen eindig<br><br>MUSIEK<br>*GR. 4 – 6* |
| **Week 9** | **Maandag<br>25 Nov** | **Dinsdag<br>26 Nov** | **Woensdag<br>27 Nov** | **Donderdag<br>28 Nov** | **Vrydag<br>29 Nov** |
| | | | | | |
| **Week 10** | **Maandag<br>02 Des** | **Dinsdag<br>03 Des** | **Woensdag<br>04 Des** | **Donderdag<br>05 Des** | **Vrydag<br>06 Des** |
| | | | Skool sluit | | |

| NOVEMBER EKSAMEN | | GRAAD 8-11 | | 2024 | |
|---|---|---|---|---|---|
| DATUM | | 11 | 10 | 9 | 8 |
| Ma | 4 | AFR V3<br>HT, EAT | AFR V3<br>HT, EAT | AFR V3<br>HT, EAT | AFR V3<br>HT, EAT |
| Di | 5 | LO | GROEP 3<br>REK, IGO, CONSUMER, AGRI | NW/NS | SW GESK |
| Wo | 6 | GROEP 1<br>FW, BS, CAT PRAC | CAT TEORIE | | ENG P3<br>HL, FAL |
| Do | 7 | ENG P2 | GROEP 1<br>FW, BS, DESIGN | ENG P3<br>HL, FAL | AFR V1<br>HT, EAT |
| Vr | 8 | GROEP 3<br>AGRI, REK, IGO, DRAMA, CONSUMER | AFR V2<br>HT, EAT | WISK V1 | WISK V1 |
| NAWEEK | | | | | |
| Ma | 11 | AFR V2<br>HT, EAT | GROEP 2<br>LS, TOER, VA | WISK V2 | WISK V2 |
| Di | 12 | ENG P3<br>HL, FAL | ENG P3<br>HL, FAL | LO | EBW V1 |
| Wo | 13 | GROEP 2<br>LS, TOER | GROEP 3<br>REK, IGO, AGRI, CONSUMER PRAC | SW GESK | LO |
| Do | 14 | VISUAL ART | CAT PRAC & DRAMA | EBW V1 | |
| Vr | 15 | MATH/LIT P1 | ENG P2<br>HL, FAL | KUNS/ART | NW/NS |
| NAWEEK | | | | | |
| Ma | 18 | MATH/LIT P2 | GROEP 1<br>FW, BS | SW GEO | EBW V2 |
| Di | 19 | AFR V1<br>HT, EAT | AFR V1<br>HT, EAT | ENG P1<br>HL, FAL | ENG P1<br>HL, FAL |
| Wo | 20 | GROEP 1<br>FW, BS, CAT T | MATH/LIT P1 | TEG/TECH | KUNS/ART |
| Do | 21 | ENG P1<br>HL, FAL | LO | AFR V1<br>HT, EAT | SW GEO |
| Vr | 22 | GROEP 2<br>LS | MATH/LIT P2 | EBW V2 | TEG/TECH |
| NAWEEK | | | | | |
| Ma | 25 | GROEP 3<br>AGRI, IGO, REK, CONSUMER | GROEP 2<br>LS | | |
| Di | 26 | DESIGN | ENG P1<br>HL, FAL | | |
| | | | | | |

# Skoolfondse

Geagte ouers

Ons stel u graag in kennis van die skoolfonds vir 2025. Die trust het besluit om die veranderinge aan die skoolfonds minimaal te hou. Ons hoop dat julle tevrede sal wees met die besluit en die gebaar sal waardeer.

## Longacres Privaatskool | Private School Langebaan

Posbus 306 Langebaan 7357 | 47 Loop Street LongAcres Langebaan
Tel 022 772 0302 | E-pos: admin@longacresps.co.za | www.longacresps.co.za

**2025 Inskrywingsfooi (Alle grade) : R4000 (eenmalig en nie terugbetaalbaar)**

**2025 SKOOLFOOIE**

**Gr 1 tot 12**

| ***Klas*** | ***Skoolfooi per maand*** | ***Totaal vir die jaar*** | ***Jaarlikse Betaling(Indien voor 28 Feb 2025 Betaal)*** |
|---|---|---|---|
| Graad 1-3 | R3800.00 | R45600.00 | R44460.00 |
| Graad 4-6 | R4221.00 | R50652.00 | R49385.70 |
| Graad 7-9 | R4326.00 | R51912.00 | **R50614.20** |
| Graad 10-12 | R4655.00 | R55860.00 | R54463.50 |
| | | ***Bus fooi per maand/Huiswerk sentrum ingesluit*** | |
| | Velddrif bus | R2500.00 | |
| | Vredenburg bus | R2300.00 | |
| | St Helenabaai | R2400.00 | |
| | Langebaan | R1900.00 | |
| | Saldanha bus | R2200.00 | |
| | **Nasorg of Huiswerksentrum per dag** | R100.00 | |

***Indien die skoolfooie voor 28 Februarie 2025 betaal word, kan u 'n 2,5% afslag kry.(Huiswerksentrum en inskrywingsgeld uitgesluit)***

**HUISWERKSENTRUM:** - Die Huiswerksentrum sluit middagete in. Huiswerk kan in die huiswerksentrum gedoen word.(Gee asb sportaktiwiteite aan huiswerksentrum deur)

**Slegs inskrywings, skoolfonds en huiswerksentrum fooie mag in die bankrekening inbetaal word.**

Naam J. Oettle and Partners

Bank ABSA Vredenburg

Rekening 408 471 6914

Gebruik rekeningnommer as verwysing.Epos na accounts@longacresps.co.za.

LONGACRES
Privaatskool | Private School

Directors
Johan Oettle | Petrie Oettle

## Advertensies vir die webtuiste

Enige besigheid wat graag op die skool se webtuiste wil adverteer, kan die skool vir verdere inligting kontak.

## Uit die kantoor

Al die ouers wat vir die musiekboeke vir die 2024 skooljaar betaal het, moet asseblief die terugbetaalde gelde by die kantoor kom afhaal.

Geen leerders sal gedurende klastyd uit die klasse geroep word om goed wat tuis vergeet is te kom haal nie. Hulle sal tydens pouses geroep word.

Die swart kortbroeke wat by die kantoor ingehandig is om vervang te word, is reg om by die kantoor afgehaal te word. Die ouers moet asseblief by die kantoor vir dit kom teken.

## SKOOLURE 2024

- Gr 1-12 leerders: Skooldag begin om 07:45.
- Gr 1-2 leerders verdaag daagliks 13:00.
- Gr 3 leerders verdaag vanaf Maandae tot Donderdae om 14:00 en Vrydae om 13:00.
- Graad 4-12 leerders verdaag daagliks om 14:00

## BELANGRIKE DATUMS

7 November Blitz Sportveiling

5 November Gr 4-12 Eksamen begin

11 November Gr 4 Inligtingsaand

23 November Gr 1 Oriëntasiedag

3 Desember Gr 1-3 Gradeplegtigheid

4 Desember Gr 4-7 Prysuitdeling

4 Desember Gr 8-12 Prysuitdeling

5 Desember Skool sluit

# ATKV Redenaarstemas 2025

## ATKV Redenaarstemas vir 2025:

Die **Interne Redenaars** sal hier by die skool plaasvind. Verdere reëlings oor die dag, tye en watter leerders gaan deelneem sal later deurgegee word.

| | |
|---|---|
| Temas vir **Graad 1-3 (2-4 min)**<br>• Klei<br>• Stem<br>• Beweeg | Temas vir **Graad 8 en 9** Voorbereid (**5-7** min) Onvoorbereid (**4-6** min)<br>• Klatergoud<br>• Vergelyk<br>• Mengelmoes |
| Temas vir **Graad 4 en 5 (3-5 min)**<br>• Streep<br>• Resep<br>• Vloek | Temas vir **Graad 10-12** Voorbereid (**5-7** min) onvoorbereid (**4-6** min)<br>• Debakel<br>• Agenda<br>• Wentelbaan |
| Temas vir **Graad 6 en 7** Voorbereid (**4-6** min) Onvoorbereid (**1-4** min)<br>• Kits<br>• Spiraal<br>• Ritme | |

Uit die tema moet 'n onderwerp geformuleer word wat 'n standpunt bevat en die standpunt moet aan die hand van argumente en bronne beredeneer word. Met ander woorde dit is 'n beredeneerde toespraak en nie 'n inligtingtingspaatjie nie.

**<u>Die struktuur van 'n voorbereide toespraak</u> :**

- Die toespraak moet 'n begin, middel en einde hê.
- Hou by die onderwerp.
- Kyk na die logiese rangskikking van idees.
- Neem 'n standpunt in en ondersteun dit met bewyse, soos bronne uit artikels, boeke, internet(ten minste 3 of meer bronne, by gr 1-3 kan bv. ouma en oupa ook 'n bron wees) ens.
- Aanbiedingsvaardighede: volume van stem
  Pousering (gebruik leestekens)
  postuur (staan regop)
  oogkontak met die gehoor

Redenaarsgroete
Juf Celia Enslin

# SKOOLKWARTALE 2024

| Kwartaal | Duur | Aantal weke |
|---|---|---|
| 1 | (8) 10 Jan – 13 Mrt | 10 |
| 2 | 3 Apr – 14 Jun | 11 |
| 3 | 9 Jul – 20 Sept | 11 |
| 4 | 1 Okt – 5 (6) Des | 10 |

# SKOOLKWARTALE 2025

| Kwartaal | Duur | Aantal weke |
|---|---|---|
| 1 | 15 Januarie - 28 Maart | 11 |
| 2 | 08 April – 27 Junie | 12 |
| 3 | 22 Julie – 03 Oktober | 11 |
| 4 | 13 Oktober – (9) 10 Desember | 09 |

| Spesiale skoolvakansiedae |
|---|
| 1 Mei |
| 29 April |
| 30 April |

| Publieke- en Skoolvakansiedae 2025 |
|---|
| 01 Januarie Nuwejaarsdag |
| 21 Maart Menseregte Dag |
| 18 April Goeie Vrydag |
| 21 April Familiedag |
| 27 April Vryheidsdag |
| 28 April Vryheidsdag waarneming |
| 01 Mei Werkersdag |
| 16 Junie Jeugdag |
| 09 Augustus Nasionale Vrouedag |
| 24 September Erfenisdag |
| 16 Desember Versoeningsdag |
| 25 Desember Kersdag |
| 26 Desember Welwillendheidsdag |

## Kersfeesbokse

Ons wil graag ons ondersteuningspersoneel wat omsien na die gronde en skoolgeboue, met 'n groot Kersfeesgeskenk bederf. Enige produkte wat nie-bederfbaar is soos seep of iets soets sal waardeer word. Die produkte kan by die kantoor afgelaai word.

## KLEREBANK




**Klerebank:**

**Tye gedurende Desember is soos volg:**

**2,3,4 en 6 Desember 2024 sal die klerebank oop wees vanaf 9h00 tot 15h00.**

## ADVERTENSIES

# MASTER MATHS






# TOER NA GRIEKELAND

## Art tour to Greece + Turkey 2026

Presented by Lientjie Blok Art Centre: 082 878 0008 or email: Lientjie@imaginet.co.za

**INCLUDED in the tour price:**

Schengen visa + agent fee

Airline tickets to Athens, Greece and back from Istanbul, Turkey.

Hostel accommodation in Athens and Istanbul. Dormitories in some cases.

Bus/train to and from Hostels.

Breakfast at hostels.

City taxes

2 day Greece city pass including public transport on tram and trains.

Bus transport from Athens to Istanbul

Entrance fees to attractions.




**Tour price**; R46 000

**Savings plan**: Payments from 30/9/2024 to 31/5/2026. (21 Installments of R2 190)

Contact Lientjie Blok if interested.




**4 days in Athens, Greece**

Hop On Hop Off sightseeing tour

Acropolis ruins/ Parthenon

Ancient Agora + Roman agora

Hellenic Motor museum

Museum of Illusions

Hydra Island tour (full day)

**5 days in Istanbul, Turkey**

Topkapi Palace

Spice market

Haga Sophia

Blue Mosque

Boat trip to Princess islands (full day)

Grand Bazaar



# LESERS IS LEIERS




**<u>If your child is struggling with any of the following:</u>**

- Reading speed
- Reading with comprehension
- Spelling, grammar or vocabulary

in **English Home Language or Afrikaans First Additional Language**, this program will be able to help him/her on their individual reading level.

**Only few spaces left.**

**Contact Teacher Celia on 082 876 5541**




**<u>Sukkel u kind met:</u>**

- Leesspoed
- Leesbegrip
- Spelling, Taal en woordeskat

**Afrikaans Huistaal Taal** of **English First Additional Language?** Hierdie leesprogram sal hom/haar help om 'n verbetering te toon op hul individuele leesvlak.

**Net 'n paar spasies oop.**

**Kontak vir Juffrou Celia 082 876 5541**

# MATIFIC – WISKUNDE TOEP


**Hierdie toep is oop vir Graad R tot Graad 9 leerders!**



## SNOEPIE

**GEEN KONTANTVERKOPE – KAARTJIES MOET VOOR & NA SKOOL GEKOOP WORD!**




## 3 MAANDE KENNIS

Alle ouers moet 3 maande skriftelik kennis gee as die kinders die skool gaan verlaat. Ek het 'n oopdeur beleid en vra vriendelik dat ouers eers met my 'n vergadering reël, voordat u formeel kennis gee.

**Vriendelike groete,**

**Mnr Edmund Barkhuysen**

**Skoolhoof**

**hoof@longacresps.co.za**

# WAT GEBEUR BY LONGACRES?

\





## CCTV KENNISGEWING

Longacres is onder 24h CCTV bewaking vir die veiligheid van die leerders en opvoeders. Hierdie toesig word gedoen in ooreenstemming met toepaslike Nasionale Wetgewing en vereistes om die privaatheid en integriteit van leerders, werknemers en algemene publiek, wat die Longacres perseel binnekom, te beskerm.

## NASORGSENTRUM

### 2024 LONGACRES NASORG

| | |
|---|---|
| **GRAAD 1 - Ellisia Steyn** | **Sel no: 076 170 9705** |
| **GRAAD 2, 3 - Marizka Liebenberg** | **Sel no: 074 072 2231** |
| **GRAAD 4 - Erika Theunissen** | **Sel no: 072 010 2655** |
| **GRAAD 5, 6, 7 - Marchelle Donald** | **Sel no: 082 695 8940** |
| **HOëRSKOOL - Alida Kruger** | **Sel no: 074 868 8596** |

**Ouers moet kinders by die huiswerksentrumklas kom haal. Geen kind word vorentoe gestuur nie.**

Die grondslagfase sal aan die linkerkant van die rugbyveld speel en die Seniorfase sal aan die regterkant van die rugbyveld speel. Alle leerders moet asseblief ‘n potlood, liniaal en uitveër saambring. Stuur asseblief ook enige ekstra-kurrikulêre aktiwiteite na die huiswerksentrum.

**HUISWERKSENTRUMREëLS**

- Huiswerksentrumkinders word by Seeskulpie afgehaal.
- Indien ‘n leerling van LAPS van die huiswerksentrum gebruik maak, moet Samantha by die Seeskulpie kantoor in kennis gestel word.
- Die onkostes beloop R1 400 per maand.
- Daar moet een maand skriftelik kennis gegee word indien ‘n leerder nie meer van die huiswerksentrum gebruik gaan maak nie.
- Alle na skool se aktiwiteite insluitend sport moet aan die huiswerksentrumjuffrou deurgegee word.
- Geen speelgoed word toegelaat nie.
- Slegs sportdrag of gewone klere word toegelaat om buite te speel.
  Merk alle items.
- Geen selfone word by die huiswerksentrum toegelaat nie.
- Ons volg Longacres se beleid van een sport per kwartaal.

# LAPS INLIGTINGSHOEKIE




**Pryse:**

Groep (4 max): R120

Een op een: R150

Sessies is 45min




THANK YOU TO OUR CALENDAR SPONSORS









**"Pencils for Smiles: Empowering underprivileged kids with the tools to dream and succeed."**

Property.CoZa®
EXTREME

EIGEVIS
GROUP OF COMPANIES

# We are exciting to annonouce a heart warming initiative "Pencils for Smiles"

**Our mission is to give back to schools in the West Coast area by providing much needed stationery to underprivileged children on their educational journey.**

**We invite you to be part of this project by encouraging local businesses and the community members to consider contributing by donating old used stationery, new stationery or funds to purchase stationery, which we will then distribute to the children in need.**

**Marked boxes will be provided at our properties or arrangements can be made for us to pick up any contribution.**




**YOUR SUPPORT IN HELPING US UPLIFT THE COMMUNITY AND MAKE A LASTING DIFFERENCE IN THE LIVES OF OUR CHILDREN IS DEEPLY APPRECIATED.**

**TOGETHER, WE CAN ENSURE THAT EVERY CHILD HAS THE TOOLS THEY NEED TO SUCCEED IN THEIR EDUCATION.**




**On behalf of "Pencils for Smiles" Team:**
**Mariette Rossouw - 082 578 3000**
**Anell Esterhuizen - 071 104 0734**

# “SANTA SHOEBOX”



# BLITZBABBEL



**Lusmakertjie vir die Blitz Babbel. Bestel joune nou!!! R15**













